

*Marie Schoeman se Dameskoor.*

Onder: *Mej. Hannie Genis aan wie die Volkskas-studiebeurs vir sang toegeken is.*



DIE Afrikaanse Eisteddfod van Kaapstad het vanjaar sy mondigwording gevier, m.a.w. hy staan nou een-en-twintig jaar op eie bene. Voor dié tyd het 'n handjievol Afrikaanssprekende onderwysers reeds saamgewerk met die *South African Eisteddfod* deur van hul leerlinge in te skrywe vir Afrikaanse voordrag wat destyds 'n klein onder-afdeling van die jaarlikse Engelse kunswedstryd gevorm het. As ek reg onthou, is dié afdeling ingevoer op aandrang van wyle mev. Joh. Luyt, beter bekend as *Toonkunst* van *Die Burger*.

Baie gou is egter besef dat 'n kunswedstryd waarop Afrikaanssprekendes geen of baie min seggenskap het, maar weinig kan uitrig om die kulturele belange van Afrikaners te behartig. Gevolglik het 'n aantal onderwysers hulle begin beywer vir groter erkenning van Afrikaans as kultuurmedium.

As daadwerklike bewys dat die Afrikaners bereid is om hul deel daartoe by te dra, het mnr. Fasie de Wet van die *Nasionale Pers* hom laat beweeg om *Die Huisgenoot-skild* aan te bied vir Afrikaanse koorsang by die *South African Eisteddfod.* Met die afrigting van 'n koor het wyle mev. Luyt ook die voortou geneem.

Na 'n jaar of twee, drie was daar egter 'n haakplek met die organisasie van die *South African Eisteddfod,* sodat die gewone kunswedstryd nie in 1927 gehou is nie. Van hierdie onderbreking is toe gebruik gemaak deur 'n klompie Afrikaanssprekendes om 'n suiwer Afrikaanse kunswedstryd op eie houtjie aan die gang te sit. Hierin was wyle mnr. Jordaan, destyds hoof van die Hoërskool Jan van Riebeeck, een van die vernaamste aanvoerders. 'n Sillabus is opgestel op model van die *South African Eisteddfod* s'n en 'n nuwe afdeling vir hande-arbeid is bygevoeg. So is die eerste Afrikaanse Eisteddfod in Kaapstad gehou.

Die ondersteuning uit verskillende oorde was so bemoedigend dat die organiseerders dadelik gevoel het dat daar in Kaapstad plek was vir aparte Engelse en Afrikaanse kunswedstryde. Sonder stryd is die afskeiding nie bewerkstellig nie, maar hoofsaaklik deur die vasberade houding van mnr. Jordaan het dit tog eindelik reggekom.

Aangesien die naam „Eisteddfod" reeds op verskeie wisseltrofeë was, kon die Afrikaanse organisasie beswaarlik 'n heeltemal afsonderlike naam kry. Op raad van wyle senator Langenhoven, die eerste ere-voorsitter, is besluit om maar die uitlandse naam te hou — al was dit dan maar uit erkentlikheid teenoor die Walliese kunswedstryd wat die eie eer en ontwikkel!

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# AFRIKAANSE EISTEDDFOD WORD MONDIG

deur ESSIE MALAN



*Die Oranje-Volkspelelaer van Maitland wat die Skild vir Volkspele verower het.*

Een van die eerste doelstellings van die Afrikaanse organiseerders was om belangstelling en waardering op te wek by volwassenes sowel as kinders vir Afrikaans as kultuurtaal. Vandaar die besluit om in die afdeling sang werke voor te skrywe van internasionaal-erkende kunsgehalte wat op Afrikaanse woorde gesing kon word. Hierdie beginsel word nog steeds gehandhaaf, sodat nie slegs die werke van Afrikaanse komponiste voorgeskrywe word nie.

Aan mej. Elise Bosman, alias Marie Linde, is die Afrikaanse Eisteddfod baie dank verskuldig vir die singbare vertalings in Afrikaans van feitlik al die voorgeskrewe sangstukke van die afgelope een-en-twintig jaar.

Gou is besef dat deelnemers van die platteland beswaarlik in groot getalle aan 'n jaarlikse kunswedstryd in Kaapstad sou kan meedoen, hoewel die aantal wat hulle wel die opoffering en onkoste getroos het, besonder bemoedigend was. Dit was derhalwe steeds die vurige



Links: *Die koor wat Die Huisgenoot - skild verower het.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012



*Die gemengde koor van Olive McDonald.*

hoop en vertroue van die Kaapstadse organiseerders dat daar spoedig oral plaaslike organisasies sou ontstaan, desnoods op min of meer dieselfde grondslag as dié in Kaapstad, en dat die winners in sulke plaaslike wedstryde miskien later teen mekaar te staan sou kom. Dat daar in die afgelope jare reeds talle sulke organisasies ontstaan het, is uiters verblydend.


Die getal inskrywings vir so 'n kunswedstryd is hoegenaamd nie 'n maatstaf van die welslae daarvan nie. In Kaapstad word teenswoordig bv. die aantal inskrywings uit dieselfde skool in elke klas in voordrag beperk Dit beteken dat die uitdunning reeds in die skool self geskied. Die werklike waarde lê daarin dat 'n gedig of stuk prosa deur 'n klas deeglik bestudeer word en dat die standaard van die werk tot kunshoogte gebring word. Dit geld ook vir sang- en spreekkore, orkeste, volkspele, toneelspele, hande-arbeid, liggaamsoefeninge, klavierspel, letterkundige en ander werk.

Daar word meermale taamlik skepties gevra: „Wat word nou eintlik met sulke kunswedstryde bereik?" Die antwoord is dat daar nie soseer gespog kan word met soveel en soveel groot kunstenaars wat deur die kunswedstryde „ontdek" is nie, maar dat die standaard van gelewerde werk jaar na jaar hoog gestel en gehandhaaf word. Nie slegs deelnemers nie, maar ook belangstellendes leer geleidelik om 'n hoër standaard na te streef, om norms te stel vir hulself en ander op die gebied van die kuns, in watter rigting ook al. 'n Opmerking van 'n ontwikkelde persoon tydens die onlangse wedstryde was vir die organiseerders 'n riem onder die hart. „Ek geniet die simpatieke, opbouende kritiek van die beoordelaar ruim soveel as die mooi werk van die mededingers," het sy gesê. Terloops kan hier vermeld word dat baie van die mees gewaardeerde beoordelaars van vandag vroeër deelnemers en pryswinners was.

Daar kan natuurlik beweer word dat dieselfde doel bereik word deur middel van kunsfeeste waarop alle mededinging uitgeskakel word. Hiermee gaan almal akkoord, maar tog kan daar nie ontken word nie dat gesonde wedywering steeds die mens aanspoor om sy

*(Vervolg op bladsy 67)*

*Die Tierberg-mannekwartet bestaande uit (van links na regs): mnre. C. en A. Heyns, A. Roos en J. Morland.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# Afrikaanse Eisteddfod Word Mondig

(*Vervolg van bladsy* 38)

beste te lewer. Dit is waarlik verblydend om te sien watter mooi gees selfs die kleinste deelnemertjies openbaar as die name van die winners in die verskillende klasse aangekondig word, omdat hulle geleer het dat dit goed en reg is om jou beste te lewer, al verower jy nie 'n prys nie.

Dat ons Afrikaners goed kan presteer in alle kunsrigtings is vanjaar weer bewys; maar dat dit ons dikwels aan die nodige toewyding ontbreek, kan helaas ook nie ontken word nie. Dit is veral waarneembaar in die afdeling instrumentale musiek, waar die nodige vaardigheid alleen deur getroue en volhardende arbeid verkry kan word. Ons sak dikwels uit omdat ons tevrede is met 'n mate van sukses, maar dan hou ons op voordat ons 'n werklike kunsstandaard bereik. As ons die hoogste sport van die leer wil haal, sal ons die verlammende invloed van ons lui-lekker-klimaat moet beveg en onthou: Goed genoeg is nooit goed genoeg nie.

Vir die belangstelling, vertroue en steun van die Donateurs en veral vir die beskerming en hulp van *Die Huisgenoot* gedurende al die jare is die organiseerders van die Afrikaanse Eisteddfod baie dankbaar. Daarsonder sou hul geloofsonderneming nie verwesenlik kon geword het nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012